VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

27 MEI 2020
HERDERSBRIEF #25B

Geliefde gemeente,

Dit is my gedagte om eenmaal ‘n week, soos vanaf vandag, ‘n herdersbrief deur te stuur.

Ons is dankbaar vir die fondasie – van Jesus Christus – wat in u, as gemeente, ‘n werklikheid is. Jesus Christus as fondasie, maak dit vir ons moontlik om ten spyte van beproewing, stryd, loutering en verdrukking, dit te deurstaan. Die perspektief te handhaaf: dat alles werk mee ten goede vir die wat glo – ***Rom. 8:28***.

Die afgelope tyd van inperking, het van elkeen van ons, perspektief gevra. Dit is so kosbaar en spesiaal om te weet, dat elkeen van ons vasstaan in ons geloof.

Vandag, wil ek twee wyd uiteenlopende Skrifte, aan u voorhou. Dan te verstaan wat die verband tussen die twee Skrifte is. Die een Skrif vind ons in ***Joh. 17:1***. Jesus bid tot Sy Vader en vra: **“VERHEERLIK U SEUN, SODAT U SEUN U OOK KAN VERHEERLIK.”**

Die tweede Skrif vind ons in **1 Kron. 12:18 “TOE HET DIE GEES AMÁSAI, DIE HOOF VAN DIE DERTIG, VERVUL, EN HY HET GESÊ: VÍR U, DAWID, EN MÉT U, SEUN VAN ISAI, *IS ONS.”***

In *Johannes hoofstuk 17* – Jesus Christus se Hoëpriesterlike gebed – word die aspek van **HEERLIKHEID**, aan ons voorgehou**.** Die Johannes evangelie, begin met ‘n aankondiging en meld die uitdaging van, wat dit beteken om betrokke te raak by Jesus Christus. Wat verwag hierdie betrokkenheid van u en my? Wat is die vereistes wat gestel word en tot watter perspektief moet ek gebring word? In *Johannes hoofstuk een*, is die hele aanbieding uitdagend. Die Kerk kon maklik deur die eeue geredeneer het, en gesê het: “Dit is onmoontlik om dit te begryp en te doen.” Ek glo ons sal saamstem, dat die eerste *18 verse*, met ‘n akademiese tesis, vergelyk kan word. Dit is asof Johannes in sy skrywe, vir die Kerk ‘n fondasie lê. Om te sing: **“Jesus Christus is die ware Fondament”**; kan één van die vertolkings wees, sonder om te verstaan, hoe gebeur dit in die praktyk. Ek wil glo en vertrou, dat die verloop van hierdie herdersbriewe, u gehelp het om perspektief te verkry. Ja, Jesus Christus is die ware Fondament, en alhoewel dit aangenaam is, om die melodie te sing, bly dit ‘n ope vraag of dit waar is in ons daaglikse bestaan. Hoe het u hierdie inperking beleef? Moenie verbaas wees, en die inperking, asook die pandemie, is ‘n voorloper tot die wederkoms van Jesus Christus.

Hoe diepsinnig die inleidingsverse van Johannes ook al mag wees, het ons ‘n verantwoordelikheid, om die volgende saak by onsself uit te klaar: **wat is die aard en die inhoud van ons daaglikse lewe?** Om ‘n antwoord hierop te vind, vra van ons om die Skrif in ***Mark. 4:20 “En dit is hulle by wie in die goeie grond gesaai is – hulle wat die woord hoor en aanneem en vrugte dra: een dertig – en een sestig – en een honderdvoudig”*** – te verstaan.

Die verband tussen die twee Skrifgedeeltes en die praktiese betekenis, sal met die volgende herdersbrief, met u in behandeling geneem word.

Sal u asseblief u insette van hierdie herdersbrief, met vrymoedigheid, aan ons noem?

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984
15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335